# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GAUTENG
PROVINCIAL GOVERNMENT

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

# INLEIDING TOT KRIMINOLOGIE

**SG**

**905-2/0 A**

INLEIDING TOT KRIMINOLOGIE SG

905 2 0A SG

X05

5 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

# INLEIDING TOT KRIMINOLOGIE
# STANDAARDGRAAD

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## MAART 2007

**TYD: 3 UUR** **PUNTE: 300**

## INSTRUKSIES:

1. Beantwoord enige **SES** vrae.

2. Indien jy meer as die vereiste **SES** vrae beantwoord, sal net die **EERSTE SES** vrae nagesien word.

3. Al die werk wat jy **NIE** nagesien wil hê nie, moet duidelik deurgehaal word.

4. Skryf **NETJIES** en **LEESBAAR.**

## VRAAG 1

Beantwoord die volgende vrae:

1.1 Wat beteken die woord "kriminologie"? (2)

1.2 Gee die juridiese definisie van misdaad. (4)

1.3 Skryf die hoofelemente van die nie-juridiese konsep van misdaad neer. (4)

1.4 Na watter **DRIE** instansies verwys die term "kriminele regspleging"? (3)

1.5 Wat is die funksies van die howe? (4)

1.6 Noem die funksies van die Departement van Korrektiewe Dienste. (3)

1.7 Wat beteken die woord "viktimologie"? (2)

1.8 Noem die amptelike en nie-amptelike bronne van misdaadstatistieke. (5)

1.9 Noem die tekortkominge van misdaadstatistieke. (7)

1.10 Noem die faktore wat misdaadtendense kan beïnvloed. (4)

1.11 Noem die **SES** hoofklasse misdade in die Kodelys van Misdade. (6)

1.12 In watter **DRIE** dele verdeel Freud die menslike psige? (3)

1.13 Noem enige **DRIE** soorte geweldsmisdade. (3)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Gee 'n uiteensetting van die juridiese elemente wat teenwoordig moet wees voordat 'n bepaalde handeling as 'n misdaad beskou kan word. (25)

2.2 Bespreek die waarde van misdaadstatistieke. (25)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Bespreek die volgende faktore as oorsake van misdaad:

3.1.1 Liggaamlike afwykings (8)

3.1.2 Seksuele oorontwikkeling (10)

3.1.3 Stres (6)

3.1.4 Gebrekkige dissipline (8)

3.1.5 Die skool (10)

3.1.6 Afwykings by die ouers (8)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 'n Persoon benadeel homself wanneer hy 'n misdaad pleeg. Bespreek die stelling. (25)

4.2 Watter rol kan die skool en die polisie speel in die voorkoming van jeugmisdaad? (25)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Bespreek daardie strategieë wat aangewend kan word om georganiseerde misdaad te bestry. (20)

5.2 Eiendomsmisdade word meer deur seuns as meisies gepleeg. Verklaar hierdie verskynsel. (15)

5.3 Bespreek die kenmerke van 'n jeugbende. (15)

**[50]**

## VRAAG 6

6.1 Wat is die funksies en pligte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens soos saamgevat in die inleiding tot die Polisiedienswet (Wet no. 68 van 1995)? (10)

6.2 Gee 'n uiteensetting van die motiewe vir straf. (20)

6.3 Bespreek die maniere waarop gevangenes vrygelaat kan word. (10)

6.4 Bespreek die drie soorte strafinrigtings in Suid-Afrika. (10)

**[50]**

## VRAAG 7

Gee 'n uiteensetting van dwelmmisbruik. Verwys in jou antwoord spesifiek na die oorsake, klassifikasie, kenmerke en voorkoming van dwelmmisbruik. **[50]**

## VRAAG 8

8.1 Bespreek Mannheim se klassifikasie van slagoffers. (15)

8.2 Bespreek die persoonlike eienskappe en gedrag wat 'n rol kan speel in viktimisasie. (20)

8.3 Gee 'n kort bespreking van moontlike maniere waarop mishandelde vroue versorg kan word. (15)

**[50]**

**GROOTTOTAAL: [300]**

**EINDE**